


Julle sal my getuies wees



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 1:6–8, Lukas 24:25, Lukas 24:44–48, Deuteronómium 19:15, Handelinge 1:9–26, Spreuke 16:33.

Geheeteks:

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde” (Handelinge 1:8).

Jesus se werk op aarde was voltooi. God sou binnekort die Heilige Gees stuur, wat — deur hulle handelinge met baie tekens en wonders te bekragtig — die dissipels in staat sou stel en hulle sou lei in ‘n sendingopdrag om die eindes van die aarde te bereik. Jesus kon nie vir ewig as mens by hulle gebly het nie. Sy menswording het Hom nie net fisies beperk in die konteks van ‘n wêreldwye sendingopdrag nie, maar Sy hemelvaart en verheffing in die hemel was nodig sodat die Heilige Gees na die aarde kon kom.

Tot en met Jesus se opstanding het die dissipels egter nie hierdie dinge duidelik verstaan nie. Toe hulle alles gelos het om Hom te volg, het hulle geglo dat Hy ‘n politieke bevryder was wat die Romeine op ‘n dag uit die land sou verdryf, Dawid se heerskappy weer sou instel, en Israel se glorieryke verlede sou herstel. Dit was nie vir hulle maklik om anders te dink nie. Hierdie was die agtergrond van Jesus se finale instruksies aan die dissipels in Handelinge, die konteks van die belofte van die Heilige Gees. Hierdie hoofstuk beskryf ook Jesus se hemelvaart en hoe die vroeë kerk vir Pinkster voorberei het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 Julie.*

Israel se herstel

Daar is twee tipes Messiaanse profesieë in die Ou Testament, een wat vooruitwys na 'n koninklike Messias wat vir ewig sal heers (Psalm 89:4, 5, 35–37; Jesaja 9:5, 6; Eségiël 37:25; Daniël 2:44; 7:13, 14), en een wat voorspel dat die Messias vir die mensdom se sondes sou sterwe (Jesaja 52:13–53:12; Daniël 9:26). Sulke profesieë weerspreek mekaar nie. Dit verwys net na twee opeenvolgende fases van die Messias se bediening: eers moet Hy ly, en dan word Hy Koning (Lukas 17:24, 25; 24:25, 26). Die probleem met die eerste-euse Joodse Messiaanse verwagting, egter, was dat dit eensydig was. Die hoop op 'n koninklike Messias wat politieke bevryding sou bring, het die konsep van 'n Messias wat sou ly en sterf, verberg. Aan die begin het die dissipels die hoop op 'n koninklike Messias gedeel. Hulle het geglo dat Jesus die Messias was (Matthéüs 16:16, 20), en soms was hulle uitgevang as hulle onder mekaar gekibbel het oor wie aan Sy regter- en linkerkant sou sit na Sy troonbestyging (Markus 10:35–37, Lukas 9:46). Afgesien van Jesus se waarskuwings oor sy lot wat op Hom gewag het, kon hulle doodeenvoudig nie verstaan wat Hy bedoel het nie. Daarom, toe Hy gesterf het, was hulle verward en mismoedig. In hulle eie woorde, “En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; ...” (Lukas 24:21).

Lees Handeling 1:6. Wat sê hierdie vraag oor wat hulle nog nie verstaan het nie? Hoe het Jesus hulle in Handeling 1:7 geantwoord?

As Jesus se dood die dissipels se hoop vernietig het, het die opstanding dit weer laat herlewe en hulle politieke verwagtinge laat ervaar tot 'n ongekende vlak. Dit het logies gelyk om van die opstanding af te lei dat die Messiaanse koninkryk uiteindelik tot stand sou kom. In Sy antwoord op hulle vraag, het Jesus egter nie 'n direkte antwoord gegee nie. Hy het nie die dissipels se idee van die onmiddellike totstandkoming van God se koninkryk verwerp nie, maar Hy het dit ook nie goedgekeur nie. Hy het die saak onbeantwoord gelaat terwyl Hy hulle herinner het dat net God die tyd vir Sy handeling bepaal, en dat dit dus ontoeganklik vir die mens is.

Wat, volgens Lukas 24:25, was die dissipels se werklike probleem? Hoekom is dit so maklik om te glo net wat ons graag wil glo, in teenstelling met wat die Bybel werklik leer? Hoe kan ons hierdie lokval vermy?

Die dissipels se sending

Lees Handeling 1:8. In plaas daarvan om oor die profesieë te spekuleer, wat was die dissipels gevra om te doen?

Daar is vier belangrike fasette in hierdie Skrifgedeelte met betrekking tot die dissipels se sending:

1. Die gawe van die Gees. Die Gees was nog altyd aan die werk onder God se volk. Maar volgens die profete sou daar 'n spesiale uitstorting van die Gees in die toekoms plaasvind (Jesaja 44:3; Joël 2:28, 29). Omdat Jesus self met die Gees gesalf was, was die Heilige Gees reeds besig om gedurende Sy bediening te werk (Lukas 4:18–21), maar sou eers plegtig uitgestort word nadat Christus in die hemel verhef was (Johannes 7:39, Handeling 2:33).

2. 'n Getuie se funksie. 'n Getuie is om eerstehands verslag te lewer. Die dissipels was ten volle toegerus om te getuig (Handeling 1:21, 22; 4:20; vergelyk met I Johannes 1:1–3), en het nou die opdrag ontvang om dit wat hulle saam met Jesus ondervind het, met die wêreld te deel.

3. Die sendingplan. Die dissipels moes eerste in Jerusalem getuig, dan in Judéa en Samaría, en uiteindelik tot aan die uiterste van die aarde. Dit was 'n progressiewe plan wat gedurig moes groei. Jerusalem was die middelpunt van die Joodse godsdienstige lewe, die plek waar Jesus veroordeel en gekruisig was. Judéa en Samaría was aangrensende gebiede waar Jesus ook bedien het. Die dissipels moes hulle eger nie tot hierdie streke beperk het nie. Die omvang van hulle sending was wêreldwyd.

4. Die sendinggebied. In Ou Testamentiese tye was dit die nasies wat na God toe getrek moes word (sien Jesaja 2:1–5), nie Israel wat God na die nasies moes “neem” nie. Die paar uitsonderings (bv. Jona) maak nie die algemene reël tot niet nie. Maar nou was die strategie anders. Jerusalem was nog die middelpunt, maar liever as om daar te bly en wortel te skiet, moes die dissipels tot by die uiterste eindes van die aarde gaan om te getuig.

Lees Lukas 24:44–48. Wat was die kernboodskap wat die dissipels moes preek?

Gedurende die veertig dae wat Hy na sy opstanding saam met die dissipels deurgebring het (Handeling 1:3), het Jesus seker baie waarhede oor die koninkryk van God aan hulle verduidelik, selfs al was daar nog baie meer wat hulle nie verstaan het nie, soos wat hulle vraag in Handeling 1:6 dit toon. Hulle was goed bekend met die profesieë, maar het dit nou in 'n nuwe lig gesien – in die lig van die kruis en die leë graf (sien Handeling 3:17–19).

Hy sal net so kom

Lees Handeling 1:9–11. Hoe word die hemelvaart van Jesus deur Lukas uitgebeeld? Wat beteken dit dat daar twee engele was wat met hulle gepraat het (sien Deuteronomium 19:15)?

Lukas se vertelling van die hemelvaart is nogal kort. Jesus was saam met die dissipels op die Olyfberg, en terwyl Hy nog besig was om hulle te seën (Lukas 24:51), was Hy in die hemel opgeneem. Die taal is verskynselgebonde; d.i., die toneel word uitgebeeld soos wat die mens dit waargeneem het, en nie soos wat dit werklik was nie. Jesus was besig om die aarde te verlaat, en dit kon nie meer sigbaar plaasgevind het as deur in die lug opgeneem te word nie. Die hemelvaart van Jesus was ‘n bonatuurlike handeling van God, een van baie regdeur die Bybel. Dit word geïmpliseer deur die manier wat Lukas dit beskryf deur die gebruik van die lydende vorm, *epērhē* (“is Hy opgeneem,” Handeling 1:9). Alhoewel dit net hier in die Nuwe Testament gebruik word, word hierdie vorm van die werkwoord ‘n hele paar keer in die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) gevind, waar almal van hulle God se handeling beskryf en te kenne gee dat God self die Een was wat Jesus in die hemel opgeneem het, omdat Hy die Een was wat Jesus uit die dood laat opstaan het (Handeling 2:24, 32; Romeine 6:4; 10:9).

Nadat Jesus reeds deur ‘n wolk bedek was, beskryf Lukas — net in die Boek Handeling — die voorval van die twee figure wat in wit geklee was en langs die dissipels gestaan het. Hierdie beskrywing stem ooreen met die engele in blink klere in Handeling 10:30, 31, en in Johannes 20:12. Hulle het gekom om die dissipels te verseker dat Jesus net so sou kom soos wat Hy weggeneem was, en dit is net Handeling wat ons te kenne gee dat Jesus “voor hulle oë weggeneem” was (Handeling 1:9). Dus het die sigbare hemelvaart die waarborg van die sigbare wederkoms geword wat ook in ‘n wolk sal plaasvind, maar “met groot krag en heerlikheid” (Lukas 21:27); nie weer ‘n private gebeurtenis nie, want “elke oog sal Hom sien” (Openbaring 1:7), en Hy sal nie alleen wees nie (Lukas 9:26, II Thess. 1:7). Die heerlikheid van die Tweede Koms sal die hemelvaart ver oortref.

Hoe kan ons leer om die werklikheid en die belofte van die Tweede Koms altyd voor oë te hou? Hoe behoort hierdie groot waarheid ons op al die gebiede van ons lewe, soos ons finansies, prioriteite en morele keuses, te beïnvloed?

Die voorbereiding vir Pinkster

In Sy antwoord in Handeling 1:7, 8, het Jesus nie 'n spesifieke tyd vir die oprigting van Sy koninkryk genoem nie. Tog kon daar uit Sy woorde 'n gevolgtrekking gemaak word dat direk nadat die Gees uitgestort sou word, en die dissipels hulle sending sou voltooi het, Hy sou terugkom (sien ook Matthéüs 24:14). Die engele se boodskap (Handeling 1:11) het ook nie die vraag oor wanneer die koninkryk sou kom, beantwoord nie, maar daar kon moontlik verstaan geword het dat dit nie lank sou wees nie. Dit verduidelik heelwaarskynlik hoekom die dissipels “na Jerusalem teruggegaan [het] met groot blydschap” (Lukas 24:52). Die belofte van Jesus se Tweede Koms op 'n ongespesifiseerde tyd wat hulle meer moed sou gee vir hulle sending, het gemaak dat hulle verstaan het dat die einde naby was. Die verdere gebeurtenisse in Handeling sal hierdie gedagte verduidelik.

Lees Handeling 1:12–14. Wie anders was in die bovertrek, en hoe het hulle hulself vir die uitstorting van die Gees voorberei?

Nadat hulle van die Olyfberg teruggekom het, het die dissipels in die bovertrek, 'n gastekamer (in Latyns, *cenaculum*) van 'n tweeverdieping private woning in Jerusalem, vergader. 'n Aantal vroue wat ook volgelinge was (Lukas 8:1–3, 23:49, 24:1–12), en Jesus se moeder en broers, was ook daar saam met die dissipels. Jesus se broers (Markus 6:3) was òf van Josef en Maria se jonger seuns (Matthéüs 1:25, Lukas 2:7), òf, heelwaarskynlik, seuns uit Josef se eerste huwelik, wat beteken dat Josef 'n wewenaar was toe hy met Maria getrou het. Hulle teenwoordigheid saam met die dissipels is nogal 'n verrassing, want hulle was nog altyd ietwat skepties teenoor Jesus gewees (Markus 3:21, Johannes 7:5). Maar, Jesus se opstanding en Sy spesiale verskyning aan Jakobus (I Korinthiërs 15:7) het blykbaar die verskil gemaak. Later sou Jakobus selfs Petrus as leier van die Christengemeenskap vervang het (Handeling 12:17; 15:13; 21:18; Gal. 2:9, 12). Hulle onafgebroke gebede (Handeling 1:14) en gedurige lofprysinge tot God in die tempel (Lukas 24:53) het sonder twyfel belydenisse, bekeringsondervindinge en die afsterwe van sondes ingesluit. Selfs as hulle in hulle gedagtes die koms van die Gees met Jesus se onmiddellike terugkeer vereenselwig het, was hulle geestelike gesindheid ten volle eenstemmig met wat binnekort sou gebeur, want die Heilige Gees se koms geskied in antwoord op gebed.

In ons daaglikse keuses, op watter maniere kan ons help om die weg vir die werk van die Gees in ons lewens voor te berei?

Die twaalfde Apostel

Die eerste administratiewe handeling van die vroeë Christengemeenskap wat uit ongeveer 120 gelowiges bestaan het (Handelinge 1:15), was om 'n plaasvervanger vir Judas te kies.

Lees Handelinge 1:21, 22. Watter kwalifikasies moes die opvolger van Judas gehad het? Hoekom was dit so belangrik?

Dit was nodig om nog 'n getuie van Jesus se opstanding te kies (vergelyk met Handelinge 4:33); hierdie soort getuienis is uiters belangrik, want telkemale word die opstanding as 'n bewys vir Jesus as die Messias gesien, en ook as die waarheid van die Christelike geloof. Die keuse moes egter uit diegene gemaak word wat saam met die apostels dwarsdeur Jesus se bediening saam met Hom was. Paulus het ook later daarop aangedring dat, alhoewel hy nie saam met Jesus was toe Hy op die aarde was nie, hy nietemin as 'n apostel gereken moes word omdat sy ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus hom gekwalifiseer het om van Sy opstanding te getuig (I Korinthiërs 9:1). Alhoewel hy na homself verwys het as die “ontydig geborene” (I Korinthiërs 15:8), het Paulus geweier om homself minder bevoeg as die ander apostels te sien (I Korinthiërs 9:2, Galásiërs 2:6–9). Net die Twaalf en Paulus was dus, in 'n tegniese gesaghebbende sin, “apostels” (Handelinge 1:25, 26); tog kan hierdie term ook in 'n gewone en algemene sin van gesante of boodskappers vir ander evangeliewerkers gebruik word (Handelinge 14:4, 14; Galásiërs 1:19).

Lees Handelinge 1:23–26. Hoe was Matthías gekies?

Die metode wat hulle gebruik het om Matthías te kies mag miskien vreemd voorkom, maar die werp van die lot was lank reeds 'n gevestigde manier om besluite te maak (bv. Levitikus 16:5–10, Númeri 26:55). Daarby moes die keuse tussen twee voorafgekoese kandidate met dieselfde kwalifikasies gemaak word, en was dit dus nie 'n gewaagde kans nie. Die gelowiges het ook tot God gebid en geglo dat die resultaat Sy wil sou weerspieël (vergelyk Spreuke 16:33). Daar is geen bewys dat die besluit ooit betwis was nie. Na Pinkster was dit nie meer nodig om die lot te werp nie, want die Heilige Gees het direkte leiding gegee (Handelinge 5:3, 11:15–18, 13:2, 16:6–9).

Indien iemand na jou toe sou kom en vra, “Hoe kan ek weet wat God se wil vir my lewe is?”, wat sal jy antwoord, en hoekom sal jy so antwoord?

Vir verdere studie: “Die hele tussentydse periode tussen Pinkster en die “Parousia” [Tweede Koms] (hoe lank of hoe kort ook al), moes met die kerk se wêreldwye sendingboodskap deur die krag van die Gees, gevul gewees het. Christus se volgelinge moes beide aankondig wat [H]y vermag het gedurende [S]y eerste koms, en ‘n beroep op mense gedoen het om hulle te bekeer en te glo om vir [S]y tweede koms voor te berei. Hulle moes [S]y getuies wees ‘tot aan die uiterste van die aarde’ ([Handelinge] 1:8) en ‘tot aan die voleinding van die wêreld.’ . . . Ons het nie ‘n keuse om dit te laat ophou totdat beide hierdie twee “eindes” bereik word nie.” — John R. W. Stott, *The Message of Acts: The Spirit, the Church & the World* (Downers Grove: InterVarsity, 1990), bl. 44, (vrye vertaling). “Die Heiland se opdrag aan die dissipels het al die gelowiges ingesluit. Dit behels alle gelowiges in Christus tot aan die einde van die tyd. Dit is ‘n groot fout om te dink dat die redding van siele bloot die taak van die geordende predikant is. Aan almal wat die hemelse ingewing ontvang het, word die verkondiging van die evangelie opgedra. Almal wat die lewe van Christus ontvang, is georden om vir die redding van hul medemens te arbei. Vir hierdie taak is die kerk gestig, en almal wat sy plegtige geloftes aflê, word daardeur medewerkers van Christus gemaak.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 690.

Vrae vir bespreking:

1. Handelinge 1:7 is ‘n herhaling van Markus 13:32: “Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader”. Ellen G. White sê: “Daar sal nooit weer ‘n boodskap vir die volk van God wees wat na ‘n spesifieke datum verwys nie. Ons sal nie die definitiewe tyd van òf die uitstorting van die Heilige Gees, òf die wederkoms van Christus, weet nie.” — *Selected Messages*, vol. 1, bl. 188, (vrye vertaling). Sy voeg by: “Enigeen wat na vore sal kom om die uur, dag of jaar van Christus se verskyning aan te kondig, lê homself ‘n juk op, en is besig om ‘n boodskap wat die Here nie aan hom gegee het nie, te verkondig.” — *Advent Review and Sabbath Herald*, Sept. 12, 1893, (vrye vertaling). Wat beteken sulke verklarings vir ons vandag?
2. Iemand het eens gesê: “God het getuies meer nodig as regsgeleerdes.” Wat dink jy van hierdie verklaring?
3. Watter rol het gebed in die vroeë kerk gespeel? Is dit toevallig dat daar in amper elke beslissende tydstip van die kerk se bestaan, na gebed verwys word (Handelinge 1:24; 8:14–17; 9:11, 12; 10:4, 9, 30; 13:2, 3)? Wat is die rol van gebed in ons lewens?